Hoe om vir huwelike en families te bid

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

Daar is 'n geweldige aanslag op die gesinslewe. Daar was waarskynlik nog nooit 'n tyd in die geskiedenis waar die huwelik en die gesinslewe aan soveel druk onderhewig was nie. Doelgerigte, sistematiese, intelligente en volhardende gebed is op hierdie terrein nodig.

A. Gebed by huisgodsdiens

1. Dit is belangrik dat elke gesin sal saambid. Man en vrou moet gereeld saambid, maar daar moet daagliks ook 'n tyd wees wanneer die hele gesin saam bid en die Bybel bestudeer.
2. Skep in klimaat vir Bybelstudie en gebed in die huis. Daar moet heel natuurlik oor enige saak in die huis gebid kan word, of dit nou in krisis is, en of dit is om die Here te dank vir 'n antwoord op 'n gebed, of iets wat Hy gedoen het.
3. Daar moet 'n plek en 'n tyd wees waar en wanneer daar gebid word. Daar moet 'n plek wees waar die gesin bymekaarkom om met God gemeenskap te hou. Daar moet ook 'n vasgestelde tyd wees wat almal pas en almal moet daarvan bewus wees dat dit die tyd is wanneer die gesin saam voor God verskyn.
4. Skaf 'n boek aan waarin die gesin saam hulle spesifieke gebede kan neerskryf en vul die antwoorde op gebed gereeld in. Dit bou geloof en leer ons om God te dank vir die antwoorde.
5. Dit is ook sinvol om, afgesien van elke dag se gebede, ook in gebedsprogram te hê waarvolgens daar gebid kan word. Daar kan byvoorbeeld Maandae vir die owerheid gebid word, Dinsdae vir die predikant/pastoor en in sendeling (wat die gesin *"aangeneem"* het), Woensdae vir ongeredde mense, ens. Elke gesin kan sy eie program opstel.
6. Al die lede van die gesin moet deelneem aan die gebed. Pasop om niemand te dwing nie, elke lid van die familie moet graag wil deelneem.
7. Maak gebruik van gespreksgebed of kettinggebed. Elke persoon bid net vir een saak op 'n slag en die ander sluit by hom/ haar aan in die gebed. Andersins kan elke familielid in spesifieke saak kies waarvoor hy/sy die spesifieke oggend/aand wil bid. Die boekie van Rosalind Rinker, *Gebed: in gesprek met God,* word sterk aanbeveel.
8. Deel met mekaar spesifieke antwoorde op gebed deur die dag - dit maak dat die ander se geloof gebou word en dit gee hulle meer vrymoedigheid om ook spesifieke dinge van God in gebed te vra.
9. Leer die gesinslede om spesifieke dinge van die Here te vra. Wanneer ons spesifiek bid, verwag ons spesifieke antwoorde.
10. Huisgodsdiens mag nooit jou persoonlike stiltetyd vervang nie.
11. Die volgende elemente is 'n noodsaaklike deel van gesinsgebed:
    - aanbidding en lofprysing;
    - danksegging;
    - persoonlike versoeke deur verskillende gesinslede;
    - die bid van Skrifgedeeltes;
    - voorbidding vir die wêreld daar buite - vir ongeredde en behoeftige mense.

B. Waarvoor om te bid vir gesinne

I. Bid vir die man.

1. Bid dat hy sy vrou sal liefhê soos wat Christus die gemeente liefgehad het.
   "Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos wat Christus die kerk liefgehad het en sy lewe daarvoor afgelê het... Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame... hy voed en versorg dit soos Christus met sy kerk doen... **(Ef.5:25-32).**
   "Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie " **(Kol.3:19).**
   "Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid
   sonder dat iets julle hinder" **(1 Pet.3:7)**.
2. Bid dat die man sy priesterlike taak in die huis sal uitvoer deur geestelik leiding in die huis te neem en vir sy gesin te bid.
3. Bid dat die man die gesag wat die Here aan hom gegee het, reg sal gebruik en dit ook nie aan die vrou sal afstaan nie.
4. Bid dat die man verstandig met sy vrou sal werk. Bid vir die man; vir geduld met sy vrou en vir selfbeheersing t.o.v. sy gesin.
5. Bid dat hy sy vrou se behoefte aan liefde, geborgenheid en sekuriteit sal raaksien, saam met al haar ander behoeftes en daaraan aandag sal gee.
6. Bid dat die man die leiding sal neem (geestelik sowel as op sosiale vlak) in die huis en dat hy sy gesin goed sal versorg.

II. Bid vir die vrou.

1. Bid dat die vrou in alles aan haar man onderdanig sal wees soos wat die gemeente in alles aan Christus onderdanig is **(Ef.5:22-24).**
   "*Net so moet julle, vrouens, aan julle eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou. Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God*" **(1 Pet.3:1-3, OV)**.
   "'n Vrou moet aan haar man eerbied betoon" **(Ef 5:33).**
2. Bid vir 'n stil en sagmoedige gees en dat die vrou sal weet wanneer om stil te bly. Bid vir die vrou vir geduld met haar man.
3. Bid dat die vrou haar man sal respekteer en nie sal probeer om hom te oorheers en om aan hom voor te skryf nie.
4. Bid dat sy nie oor haar man sal kla nie, maar hom sal respekteer en sal soek om in haar man se behoeftes te vervul.
5. Bid dat die vrou haar man se leiding sal aanvaar.
6. Bid dat die vrou ook sal weet dat haar man in mede-sondaar is, dat sy geduld sal hê met sy foute en dat sy hom die vryheid sal gun om homself te wees.
7. Bid veral teen 'n dominerende houding by die vrou (veral in gevalle waar die vrou in baie opsigte geestelik sterker as die man is) wat oneindige skade aan die kinders kan aanrig. Bid ook teen enige vorm van manipulasie deur die vrou. Manipulasie is altyd negatief.

III. Waarvoor om vir die kinders te bid

1. Bid vir gehoorsaamheid aan en respek vir hulle ouers.
2. Bid vir hulle redding en vir die wat reeds gered is, se geestelike groei.
3. Bid vir hulle fisiese groei, gesondheid en goeie eetgewoontes.
4. Bid vir hulle opvoeding en sportaktiwiteite.
5. Bid vir hulle verstandelike ontwikkeling en vir groei in wysheid en kennis.
6. Bid vir die gesagsfigure wat daagliks met hulle te doen het: onderwysers, sportafrigters, ouers, oupas, oumas, ens.
7. Bid vir hulle sosiale ontwikkeling en vir ‘n rein lewenswandel, sodat hulle tussen reg en verkeerd sal kan onderskei; dat hulle versoekimgs sal kan weerstaan en die regte vriende en vriendinne sal kies.
8. Weerstaan die Bose wat sal probeer om hulle lewens te verwoes.
9. Bid reeds van vroeg af vir hulle vir die regte beroepskeuses.
10. Bid dat hulle God en sy Woord sal liefhê en bid vir hulle vir lewensvreugde.
11. Bid vir die kinders vir die regte en goeie vriende

IV. Algemeen

1. Bid teen die gees van egskeiding, wellus en onreinheid.
2. Bid veral ook teen die volgende dinge en dat die Heilige Gees mense sal oortuig van hierdie sondes en dat hulle hul daarvan bekeer: homoseksualisme, saamwonery, huweliksontrou, kindermolestering, selfmoord, alkohol- en dwelmmisbruik.
3. Bid teen die betrokkenheid van enige derde party in die huwelik.
4. Bid vir ‘n oop verhouding en goeie kommunikasie in die huwelik.
5. Bid vir diepe sonde-oortuiging en dat man en vrou saam in die lig sal wandel.
6. Bid vir begrip vir mekaar se behoeftes en die vermoë en gewilligheid om in daardie behoeftes te vervul.
7. Bid teen elke vorm van selfsug, gemaksug en eiesinnigheid in die huwelik.
8. Bid dat daar nie misverstande sal wees nie. Die grootste enkele probleem in alle huwelike is misverstande.
9. Wanneer daar spesifieke probleme in ‘n huwelik is, soos bv. jaloesie, drankmisbruik en buite-egtelike verhoudings, moet daar vir daardie sake spesifiek gebid word.
10. Bid vir die ouers; vir die opvoeding en hantering van hulle kinders.
11. Bid vir vergewensgesindheid, dat huweliksmaats die verlede sal vergeet en mekaar sal kan vergewe vir dinge wat in die verlede gebeur het.
12. Bid vir wewenaars, weduwees en paartjies wat nie kinders kan hê nie. Ook vir kinders sonder ouers en kinders in weeshuise. Bid vir die alleenlopers en eensame mense wat verlang na die geborgenheid van ‘n gesin.
13. Bid vir kinders wat van hulle ouerhuise weggeloop het en vir kinders met vriende wat ‘n slegte invloed op hulle het.

Vir meer inligting oor hoe om vir gesinne/families te bid, kan jy gerus die boek *What happens when we pray for our families* van Evelyn Christenson lees.